Nuusbrief 80

Abraham Kriel Bambanani NPC

ANKER NUUS

## IN DIE UITGAWE

**Langlaagte word 'n Kampus vir dogters alleen** 2

**Tersiêre studente** 2

**AKB het my lewe verander** 3

**Terapie verlig emosionele pyn** 3

**Ek leer teen my eie pas** 3

**Besoek van 'n ou vriend** 3

**Kinders het jou hulp nodig** 4

# GEROEP VIR **35 JAAR**

Paul Momsen staan aan die hoof van die Abraham Kriel organisasie in Johannesburg sedert sy laat twintigs. Gedurende hierdie tyd het die organisasie dramatiese veranderinge ondergaan. Van 'n enkele kinderhuis op Langlaagte vir hoofsaaklik wit kinders, tussen ouderdomme ses en agtien, het dit ontwikkel in 'n veelrassige en inklusiewe organisasie wat van babas tot jongmense tot op 25 jarige ouderdom en selfs ouer bedien. Dit word gedoen op dertien verskillende terreine wat versprei is oor die Witwatersrand en Oosrand.

Gedurende hierdie tyd het Paul feitlik sinoniem geraak met die organisasie. En steeds bou hy die erfenis vir generasies wat nog kom.

Met die 35ste viering van sy diens aan die organsisasie het hy die volgende te sê gehad:

> *"Om in diens te staan van jou roeping, is spesiaal. Nie baie mense het die voorreg om hulle roeping elke dag in hulle werksplek uit te leef nie. As hoof van Abraham Kriel Bambanani is ek bevoorreg om elke dag my passie en roeping uit te leef. Wat 'n seëning"*

***DANKIE! Ngiyabonga… Enkosi… Thank you… Ke a leboga… Nakhensa… Uiteboho… Umbulelo… Siyathokoza… Ndo Livhuwa…***

Soos ek terugdink oor die 120 jaar wat Abraham Kriel Bambanani bestaan kom daar net een word by my op en dit is Dankbaarheid. Ek wil sê, Dankie! Dankie Here vir soveel seëninge...

Ek is dankbaar teenoor ons stigters... mans en vroue van geloof, gebed en gehoorsaamheid aan God.



Ek is dankbaar teenoor ons donateurs vir julle ondersteuning en die bronne wat julle aan ons toevertrou. Ek is dankbaar vir donateurs wat met oop harte reageer op ons versoeke, wanneer hulle kan en met wat hulle het om te gee.

Ek is vrywilligers wat ons saak dien innig dankbaar. Hulle help nie net kinders en jongmense in ons sorg nie, maar ook met die oorsig, leierskap en rigtinggewing van die organsisasie.

Ek is dankbaar vir ons personeel, wat gewillig is om te dien, om te gee en te versorg, lief te hê en opofferings te maak ten einde gehoor te gee aan hulle roeping.

Ek is ook dankbaar om kinders en jongmense te kan hê vir wie ons oor jare heen kon beskerm, versorg en bemagtig vir die lewe.

Bowenal is ek dankbaar vir die voorreg om God te kan dien. Dankie!

***Paul Momsen***

# LANGLAAGTE WORD 'N KAMPUS VIR **DOGTERS ALLEEN**

Die beste belang van die kinders in ons sorg is ons primêre waarde, wat besluite en aksies by Abraham Kriel Bambanani bepaal. Soms mag dit lei tot moeilike en ongemaklike besluite.

Die besluit om die Langlaagte kampus te transformeer, na 'n fasiliteit slegs vir getraumatiseerde dogters, was 'n moeilike een. Nogtans was dit duidelik dat die stap nodig was en dit is nou as suksesvol bewys.

As gevolg van die aard van hulle trauma, het die dogters wat op Langlaagte Kampus versorg word, 'n veilige terapeutiese omgewing nodig. Faktore wat hulle helingsproses en ontwikkeling negatief kan beinvlied moet afwesig wees. Vraag is – het ons dit bereik?

Die dogters geniet groter vryheid van beweging en 'n groter verskeidenheid van aktiwiteite op kampus, want minder beheer is nodig. Personeel het positief gereageer, want minder angs en spanning het uitbranding verlaag. Ons vind dat terapeutiese groei meer ingrypend is en langer duur. Die dogters voel veilig. Middelmisbruik en vandalisme is feitlik uitgewis. Hulle skoolprestasies het verbeter en konflik onder die meisies het dramaties afgeneem, met die gevolg dat daar minder dissipinêre optrede nodig is.

Oor die algemeen is die atmosfeer op kampus ontspanne en rustig, met gelukkige kinders wat beter reageer op die terapie en ontwikkilingsgeleenthede wat hulle kry.

Was dit die regte strategie? Ek sê met vertroue dat die getraumatiseerde dogters wat op Langlaagte versorg word, geweldige voordeel hieruit trek. Ek is vir altyd dankbaar teenoor my kollegas wat die konsep ontwikkel het en daarin geslag het om die transformasie te implimenteer. Ek is ook dankbaar teenoor ons donateurs wat ons in staat stel om voort te gaan met die beskerming, versorging en terapie wat die kinders so bitter nodig het.





# TERSIÊRE STUDENTE

## Suksesverhale is volop in die Gemeenskapsdiens programme in beide Soweto en Westbury in Johannesburg.

Al hierdie studente kom uit 'n agtergrond van erge armoede, beide in terme van geld en van die omgewing. Hulle is die eerste mense in hulle families wat aanbeweeg na 'n formele professionele kwalifikasie. Hulle sukses het die potensiaal om 'n groot deurbraak te maak wat die hele gesin kan lig uit die siklus van armoede.



Masego soek werk nadat sy 'n BSc Honneurs in Pharmakologie voltooi het. Ayanda is besig met haar tweede jaar LLB.

Vier studente het goed gevaar en sit hulle drie-jaar kursusse voort. Twee doen Diplomas en twee B-Com Grade. Ons is vol vertroue dat Mapontsho en Zandile hulle onderskeie B.Com grade die jaar sal voltooi. Een fokus op Rekeningkunde en die ander op Bemarkingsbestuur.

*Skuilname word gebruik vir kinders jonger as 18 jaar.

Nog drie jongmense, wat skool in 2021 voltooi het, mik vir 'n tersiêre kwalifikasie. Lebogang doen reeds 'n BA Joernalisme Graad by die Universiteit van die Vrystaat, maar Bongane en Lingile het struikelblokke om te oorkom, onderskeidelik om NSFAS befondsing te kry of om toelating te kry tot hulle verkose tersiêre instellings.



*Bella en *Nomzamo, wat beide klaargemaak het met skool verlede jaar, werk om hulle drome te verwesentlik met B.Ed studies by Wits.

Residensiële sorg het ses tersiêre student gehad in 2022. Millie en Lucinda was suksesvol en sit hulle onderskeie kursusse voort die jaar. .

Fethume het 80% van sy Ingeneurswese vakke geslaag en kan met sy derde jaar voortgaan in 2023. Ntobeko het nie geslaag nie en dit is onwaarskynlik dat sy haar studies sal voltooi.

Thabiso het tydens die tweede semester sy studies weens gesondheidsprobleme laat vaar, maar sal die jaar sy studies voortsit.

Lucky moet nog sy internskap in Gasvryheid en Spysenering voltooi.

Twee nuwe studente het op hulle tersiêre reis begin in 2023. Hulle is Taliah Brown, wat 'n 1 jaar professionele kookkursus sal doen en Corne Viljoen, wat 'n Sertifikaatkursus in Reis en Toerisme bestuur aanpak.

Om op te som.

- By Gemeenskapsdienste is agt studente aktief besig met kursusse by tersiêre instellings, terwyl twee aspireer tot die voorreg.
- Residensiële sorg het ses studente in 2022 gehad en die jaar sewe studente. Een van die ses 2022 studente kon nie die mas opkom nie, maar twee het in 2023 bygekom.


Aan almal van hulle wens ons voorspoed met nog 'n jaar van harde werk en sukses.

# AKB HET MY LEWE VERANDER

So glo *Sizakele, maar eintlik is sy die dank verskuldig aan ABSA CSI projects. Sizakele word grootgemaak deur 'n enkelouer en die hele gesin is afhanklik van 'n maatskaplike toelaag van R820 vir al hulle basiese behoeftes.

Sizakele is slim en hardwerkend en het gevolglik die buitengewone geleentheid gehad om toegelaat te word tot die 'Curtis Nkondo School of Specialisation'. Ongelukkig was daar nie 'n manier waarop die gesin haar uniform teen die koste van R2 500 kon bekostig nie. ABSA CSI projects het tot die redding gekom en haar uniform geborg. Sy kan nou ook haar kop hoog hou in haar nuwe skool.

Vandat Sizakele by die AKB Gemeenskapsdiens geregistreer is, ontvang sy goeie maaltye, die nodige klere en voorraad vir skool. Verder word daar ook gekyk na haar emosionele en geestelike behoeftes



Sizakele het 'n gemiddelde van 83% behaal in die laaste kwartaal van 2022. Sy is beloon met 'n trofee, 'n medalje en 'n sertifikaat vir haar uitstaande akademiese prestasies. Haar selfvertroue het baie ontwikkel sedert sy by AKB begin het. Sy is 'n inspirasie vir die ander kinders met haar respekvolle optrede en goeie maniere.

# TERAPIE VERLIG **EMOSIONELE PYN**

Minke Saayman is *Ariana se terapeut. Sy het onder andere vrae gehad oor haar identiteit en het baie oopgemaak teenoor Minke. Die kon toe op haar beurt leiding gee aan Ariana se huismoeder oor hoe om die skaam meisie te hanteer. Ariana se selfvertroue het die hoogte in geskiet en sy glo in haarself en geniet dit om toneel te speel.

'n 16-jarige meisie in graad 11 het gely aan angs en 'n eetversteuring. Onder andere het die meisie haar hande en arms gesny. Met terapie het die snyery gestop en haar akademiese prestasie het verbeter. Die jaar is sy besig met graad 12 en met die verdere uitdaging is voortgesette terapie vir haar onontbeerlik.

'n Driejarige knapie op die Maria Kloppers kampus het, ten tye van sy opname in Februarie 2022, erge angs in sosiale situasies ervaar. Hy het sy huismamma op elke moontlike manier probeer ontwyk, tot



daar bindingsterapie met die twee begin is. Dit was 'n lang stryd maar teen Augustus verlede jaar het hy begin om meer met die ander kinders in die huis te speel. Deesdae, wanneer hy nie te goed voel nie, gaan hy na die huismamma toe vir 'n bietjie liefde. Voorheen sou hy gaan wegkruip in 'n hoekie of agter 'n gordyn.

Alhoewel dit baie beter gaan, vermy die seuntjie steeds vreemde mense en vat dit vir hom tyd om uit sy dop te kruip.

# EK LEER TEEN MY **EIE PAS**

*Charnel het matriek geslaag in 2022. Sy het die Lantern Remediërende Skool bygewoon. Sy beplan om in 2023 'n Hoër sertifikaat in Reis- en Toerismebestuur te verwerf.

Charnel het erge trauma ervaar voor sy by Abraham Kriel Bambanani opgeneem is en het gevolglik 'n stryd gehad met akademiese vordering. Sy was egter vasbeslote om haar monsters te oorwin en die kettings te breek wat haar teruggehou het. Haar maatskaplike werker beskryf haar as gedissiplineerd en vasberade. Sy moes baie hard werk om die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen te kon slaag, ten spyte daarvan dat sy in 'n Remediërende skool was.

Die pragtige meisie het 'n kompetisie gewen, wat vir haar, haar hele Matriekafskeid geborg het. Sy het van 'n droom rok, dwarsdeur grimering 'n fotograaf en die spogkar gewen!

Soos Charnel is daar ander jongmense met leergestremdhede. Hulle is nou in geskikte skole geplaas wat vir hulle opvoedkundige behoeftes sorg. Hulle doen goed en ons hou hulle vordering fyn dop.

**Die 16-jarige meisie** is nou eers in Graad 6. Ten spyte daarvan dat sy nie die mas opgekom het nie, is sy telkens oorgeplaas na 'n volgende standerd. Sy is verwys vir terapie en haar terapeut het aanbeveel dat sy na 'n spesiale skool oorgeplaas word. Onmiddelik na die oorplasing het die kind begin gedy. Beide haar selfbeeld en prestasie het dramaties verbeter.

**'n 11-jarige seun** in Graad 4 is ook van Graad 1 af oorgeplaas na 'n volgende standerd ten spyte van sy onvermoë om by te bly. Sy terapeut het ook 'n spesiale skool aanbeveel. Sy punte en selfbeeld is sedertdien baie beter.

## BESOEK VAN 'N OU VRIEND

**Mnr Willem Jacobus en sy vrou, Mev Elma Kriel het 'n tydjie gelede die kampus besoek. Hy was voorheen 'n inwoner van die Langlaagte kampus en het 'n paar stories gedeel oor sy tyd hier. Hy het vertel hoekom hy in 'n kinderhuis geeindig het en hoe Abraham Kriel van hom 'n sterker mens gemaak het. Hy het van 1955 - 1963 saam met sy broers hier gebly en grootgeword.**





*Skuilname word gebruik vir kinders jonger as 18 jaar.*



# KINDERS HET JOU HULP NODIG

Wil jy graag 'n verskil maak? Meeste kinders het hulp nodig met akademie of ander ontwikkelingsgeleenthede.

- Tutors, hulp met huiswerk en Kumon sal wonderlik wees. Tutors kos R200 per kind.
- Twee meisies in LSEN Laerskole het nodig om gehelp to word om te leer lees, terwyl *Rachel iemand nodig het wat haar in hulle persoonlik kapasiteit kan help met spelling, lees en spraak.
- Millie, wat by Abraham Kriel Bambanani grootgeword het, help reeds met wiskunde en huiswerk, maar sy kort leiding en toegang tot studiemetodes.
- *Nathi is 'n krieket ster, wat op nasionale vlak meeding. Hy het vevoer na oefensessie en terug nodig.
- 18 kinders will ekstra Saterdagklasse bywoon, maar dit kos R250 per kind.
- Kinders in gemeenskapsdienste toon tekens van gematigde tot ernstige ontwikkelingsuitdagings. Hulle het arbeidsterapie en spraakterapie nodig. Assessering deur 'n Opvoedkundige Sielkundige of Neuro-Paediater sal help. Openbare hospitale is nie 'n oplossing nie, want dit vat baie lank net om 'n afspraak te kry en dan bied hulle slegs een terapie sessie per maand.
- Die vloere van die klaskamers by die Johanna Malan Vroeë-kinderontwikkelingsentrum moet steeds dringend vervang word en die klimrame het ernstig aandig nodig.

## DAAR IS VELE OPWINDENDE GELEENTHEDE WAAR JY AKB KAN ONDERSTEUN!

### Hou hierdie spasie dop...

**Moedersdag Ontbyt:** 13 Mei 2023
Kontak Annamart Viljoen – av@abrahamkriel.org vir meer inligting.

**#Pamper4Purpose:** Spa Dag –Mowana Spa Inanda Hotel, Fourways : 18 Julie 2023
Kontak Ricci Boonzaaier – rb@abrahamkriel.org vir meer inligting.

**Golfdag:** Kontak Sandra Nel – sn@abrahamkriel.org vir meer inligting.

**Ontmoet bekende Sterre tydens'n spoggeleentheid ten bate van AKB:**
Kontak Annamart Viljoen–av@abrahamkriel.org vir meer inligting.

**Trap jou fiets ten bate van AKB! #ride4hope**
Kontak Ricci Boonzaaier – rb@abrahamkriel.org vir meer inligting..

*Hou gerus ons Sosiale Media platforms dop vir meer inligting...*

**Skuilname word gebruik vir kinders jonger as 18 jaar.*